Republikein

25.10.2011

Vet pret vir kleinspan

Die Internasionale Vrouevereniging van Namibië (IWAN) het ’n pretdag vir 25 weerlose kinders wat by die Resource-sentrum geregistreer is, op die gronde van Hoërskool Jacob Morenga in Katutura gehou. By die pretdag kon die kinders die springkasteel geniet, braaivleis eet, hul gesigte laat verf, kolwyntjies versier, borrels blaas, sakresies hou en verskeie ander speletjies speel. Die Resource-sentrum bied voorskoolse ontwikkeling, laerskoolonderrig en leiding in lewensvaardighede aan kinders tussen die ouderdomme van 4 tot 14 jaar. Dit is in 2008 deur die Namibiese Vrouevereniging (NAWA) gestig en is nou ’n koöperatiewe projek van verskeie organisasies.